# Verbeelding en hoop by Walter Brueggemann en die terapeutiese benutting daarvan

**H C Van Zyl & J C Müller**[1]

**Departement Praktiese Teologie**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

### Walter Brueggemann on imagination and hope applied to therapeutic practice

***Imagination and hope are two key concepts in the theology of Walter Brueggemann, an Old Testament scholar. Prophetic texts from the Old Testament, analysed by Brueggemann, are discussed in this article. The principles derived from the texts – focussing primarily on imagination and hope – are applied to the therapeutic practice under the headings (1) general principles concerning the narrative therapy, (2) language and metaphors and (3) suffering and grief.***

## 1. INLEIDING

Walter Brueggemann is aan die woord: "The great shift in interpretive practice I want to consider is that in this post-Cartesian situation, *knowing consists not in settled certitudes, but in the actual work of imagination*." Dan gee hy 'n definisie van wat hy beskou as verbeelding: "By imagination, I mean very simply the human capacity to picture, portray, receive and practice the world in ways other than it appears to be at first glance when seen through a dominant, habitual, unexamined lens. More succintly, imagination as the quintessential human act is a valid way of *knowing*" (Brueggemann 1993:12-3).

Die krag van verbeelding word vandag oral erken en gebruik soos byvoorbeeld in sport. My (H C van Zyl) seun se tennisafrigter leer hom byvoorbeeld om voor 'n wedstryd op sy bed te gaan lê en in sy verbeelding die wedstryd te speel. Hy moet sy oë

[1] Ds H C van Zyl is 'n MTh-student van die Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria. Hy studeer onder leiding van prof J C Müller.

toemaak en in sy verbeelding deur al die aksies gaan: die opgooi van die bal by die afslaan, die dwarsbaan vlughou by die net, ensovoorts. Hy moet ’n hele wedstryd só speel totdat hy gewen het, selfs in sy verbeelding sien hoe hy die beker ontvang en as oorwinnaar van die baan stap.

Brueggemann vertel hoe dat daar ’n ontploffing is van resente literatuur wat nie eksplisiet postmodern is nie, maar hulle besig hou met verbeelding “as a valued and authoritative practice of epistemology” (Brueggemann 1993:13). Brueggemann, synde Ou Testamentikus, werk met Bybelse tekste en dan veral met Ou-Testamentiese tekste. Hy trek die boodskap altyd deur na die kerklike situasie in Amerika. Hy is bekommerd oor die kerk in Amerika, want sê hy, die kerk is grootliks so ingebed in die kultuur en etos van die Amerikaanse samelewing van verbruikersdruk dat dit maar min krag oor het om te glo of te handel (Brueggemann 1981:11). Die probleem wat Brueggemann ervaar binne hierdie enkulturasieproses is dat die kerk haar identiteit verloor, omdat die kerk haar geloofstradisie prysgegee het. En as ’n kerk só aan amnesia ly dan word alle geloofsgesag bevraagteken en die kerk het net nie meer krag oor om te glo of te handel nie. Daarom wil Brueggemann terug na die Skrif, sodat die kerk se geheue verfris kan word en dit lê hy op ’n unieke manier uit naamlik deur te werk met die begrip verbeelding.

## 2. BRUEGGEMANN SE BEGRIP VAN PROFETIESE VERBEELDING

Hierdie profetiese verbeelding word ingebed in ’n profetiese bediening. Die profetiese bediening se funksie is om ’n bewustheid en persepsie te voed, te vertroetel en na vore te roep wat anders is as die bewustheid en persepsie van die dominante kultuur rondom ons. Hierdie “andersheid” moenie net daarin bestaan dat die dominante kultuur rondom ons gekritiseer word nie – dit ook ja, dit is een van die twee funksies – maar hierdie alternatiewe bewustheid moet ook gekoester word, sodat dit kan dien as energiebron vir mense en gemeenskappe wat verlang na beloftes van ’n ander tyd en ’n ander situasie wat in die toekoms lê.

Kom ons kyk dan na ’n paar voorbeelde uit die Ou Testament waarin Brueggemann hierdie gedagte van *verbeelding* na vore gebring het.

### 2.1 Moses en die uittoggeskiedenis

Brueggemann stel dit dat die ontstaan van die profetiese verbeelding en bediening in die verbondstradisie van Moses opgesluit lê. Hy bespreek dan die hele uittoggeskiedenis en beweer dat die vorming van ’n nuwe gemeenskap tot stand gebring is deur God wat Moses roep om hierdie taak te verrig sodat die nuwe gemeenskap kan pas by die visie van God se vryheid wat Hy aan die volk beloof het. Hierdie alternatiewe bewustheid wat deur Moses teweeggebring is, word gekenmerk deur kritisering en energisering. Die Eksodusverhaal is gestruktureer om die radikale kritiek op Egipte en die radikale uitmekaarval van die Egiptiese koninkryk aan te toon. Terselfdertyd word daar ’n klomp energie losgemaak onder die Israeliete – al is hulle lot so haglik as kan kom – wanneer Jahwe deur Moses vir hulle die beloofde land skilder (Brueggemann 1981:19 e v).

Die interessante in dié verband is dat na die uittog Moses en die Israeliete ’n lofprysingslied gesing het (Eks 15) waarin die krag van die Here geprys word. Nou sê Brueggemann: “It is only a poem and we might say rightly that singing a song does not change reality. However we must not say that with too much conviction. The evocation of a alternative reality consists at least in part in the battle for language and the legitimization of a new rhetoric” (Brueggemann 1981:26).

Die taal van die eksploiterende koninkryk is die taal van die realiteit van produksie en skedule en heersende markpryse. Sò ’n taal sal nooit vryheid toelaat of teweegbring nie, want *daar is geen nuutheid in nie*. Doksologie daarenteen is die primêre uitdaging aan die taal van die realiteit en alleen in doksologie lê die wêreld van die gesprek opgesluit, waardeur energisering moontlik is. Eksodus 15:13 lees soos volg: “Deur u trou het U die volk gelei wat deur U verlos is, hulle deur u krag gebring na u gewyde land toe.” Maar dan het hulle nog net deur die Rietsee getrek!”

Want, sê Brueggemann: “Imagination must come before implementation” (Brueggemann 1981:45). Hy sê die Amerikaanse kultuur – en seker ook maar ons kultuur – is in staat om amper enigiets in werking te stel, maar kan amper niks “verbeel” nie. Diè kultuur wat so ingestel is op die pragmatiese is diè een wat die verbeelding laat krimp het, want verbeelding is die groot gevaar vir die soort kultuur. Hy haal Rubem Alves aan wat

sê dat elke totalitêre regime doodbang is vir die kunstenaar. Daarom is dit die taak, nee, die roeping van die profeet om die bediening van die verbeelding lewendig te hou en om aanhoudend alternatiewe fasette van die toekoms te voorskyn te roep teenoor die enkele een van die despoot-koning wat net daarin belang stel om die status quo te handhaaf. Vir hom is dit die enigste denkbare toekomsbeeld.

Freedman (1981:45) maak daarom ook die opmerking dat die karakteristieke manier van die profeet in Israel is diè van die poësie en liriek. Die profeet hou hom besig met toekomsfantasie. Hy bekommer hom nie oor die vraag of hierdie visie van hom geïmplementeer kan word nie, want sulke vrae is glad nie ter sake nie voordat hierdie visie nie eers ver-beeld is nie. Daarom is poëtiese verbeelding die laaste uitweg waarmee die dominante kulturele realiteit van destyds en vandag gekonfronteer word. Daarom sê Brueggemann (1981:46) dat die koninklike bewussyn tot doodsheid (stomheid?) aanleiding gee. Dit is die roeping van die profetiese bediening en verbeelding om mense te bring by daardie punt waar hulle hulle ervaring van lyding in verband kan bring met die dood.

### 2.2 Brueggemann illustreer dit met Dawid en Salomo

Brueggemann (1981:46) sê tussen die vader en seun het daar iets verlore gegaan, want by Dawid tref ons pyn en hartseer, maar ook vreugde en blydskap aan en hy is nie skaam om uiting daaraan te gee nie (vgl 2 Sam 1:19-27, 3:33-34, 12:15-23, 18:33, 19:4, 23:13-17). By Salomo kry ons 'n verlies van die passie, wat daarin bestaan dat hy nie in staat is om om te gee of te ly nie. Teenoor Dawid se verskillende uitinge van emosie en passie, kry ons by Salomo slegs 'n een-dimensionele beskrywing van emosie en passie naamlik diè van apatie, a-patie, a-pathos: die afwesigheid van pathos, van passie, dieselfde as wat die Prediker "alles-kom-tot-niks" noem. Iets drasties moes gebeur het tussen vader en seun!

Die taak van die profetiese verbeelding is om deur hierdie doodsheid/stomheid te sny, om die selfmisleiding te deurdring. Brueggemann stel dus voor dat die profetiese taak drie fasette insluit (1981:49 e v):

Ten eerste om simbole aan te bied wat gepas is om die afgryslikhede en die oorweldigende reaksie van die ervaring wat hierdie doodsheid/stomheid en self-misleiding teweeggebring het, te neutraliseer. Dit beteken die profeet moes uit die verlede simbole

van heilshistoriese waarde tevoorskyn bring soos byvoorbeeld "Gaan na Silo toe en gaan kyk wat Ek gedoen het."

Tweedens om tot openbare uitdrukking te bring daardie vrese en angste wat vir lank ontken is en sò diep onderdruk is, dat die volk nie eers geweet het dat dit daar is nie. In diè geval sê Brueggemann gaan dit nie om mooi retoriek en oorredingsvermoë nie, maar dit gaan om die taal van die metafoor. Die doel daarmee: "so that the expression can be touched at many points by different people" (1981:50).

Derdens om metafories te spreek maar ook konkreet aangaande die realiteit van die doodsheid wat oor ons almal hang en aan ons binneste vreet. Volgens Brueggemann moet die idioom van die profeet wat deur die doodsheid/stomheid en ontkenning wil sny, bestaan uit die taal van droefheid. Dit is die soort retoriek wat 'n gemeenskap in rou konfronteer met 'n begrafnis – hulle eie begrafnis.

Hierdie taal van die klaaglied en die simboliese skepping van 'n doodstoneel as 'n manier om die realiteit aan die man te bring, kom veral in die taal van die profeet Jeremia na vore.

## 2.3 Jeremia

Jeremia het in 'n tyd van beroering geleef. Dit was sy pastorale verantwoordelikheid om die volk te help om in die ballingskap in te beweeg (Brueggemann 1986:1, 32). Hy stel homself die dood van 'n kultuur, 'n gemeenskap en 'n tradisie voor oë. Hy sien toe hoe sy wêreld voor sy oë sterf en hy voel die pyn. Jeremia se getuienis is 'n verhaal van rou. Sy poësie word 'n storie van nuutheid wat op 'n harde manier verwerf is. Die boek Jeremia is 'n meditasie in verband met rousmart. Kübler-Ross het ons geslag geleer van die dood en rousmart in ons persoonlike verhoudingslewe. Maar Jeremia wil vir ons leer dat rousmart ook 'n openbare aangeleentheid is, dat verlies ook 'n gemeenskapsaak is (Brueggemann 1986:33).

In hierdie hele rouproses dui Brueggemann (1986:34) aan hoedat Jeremia rou, omdat hy so 'n lewendige ver-beeld-ing het van die aankomende ballingskap wat veral in sy drome, in nagmerries na vore kom. Daarteenoor sien Jeremia rondom hom hoe die volk hierdie rousmart oor die aankomende ballingskap doodswyg, ignoreer, want alle aanduidings rondom hulle vertel vir hulle dat daar geensins so 'n ramp op hande is nie! Die profeet leef in 'n gekkeparadys! Daar is rousmart en daar is ontkenning. Rousmart

mag 'n periode van hoop oplewer, maar nie te gou nie, nie te maklik nie: "Real hope comes not in tough-minded histrionics but precisely in, with and under grief."

Jeremia 30:12-17 gee 'n pragtige opsomming wat besig is om te gebeur naamlik dat rousmart kan aanleiding gee tot nuutheid. Hierdie gedig is die goeie nuus dat God 'n volle sirkel met die volk beweeg het: Hy wat voorbereid was om hulle in vyandskap te verlaat, is dieselfde God wat hulle met passie omhels. Soos God 'n volle sirkel beweeg het, so het die volk ook 'n volle sirkel beweeg van terminaal siek tot 'n kragtige genesing.

## 2.4 Deutero-Jesaja

Die poësie van Jesaja 40-55 word gestruktureer rondom 'n paar kragtige digterlike metafore (1986:90).

- *Ten eerste*: die ballingskap. Dit is die sosiaal-historiese agtergrond van Deutero-jesaja. Dit gaan hier om 'n vervreemde gemeenskap (vgl Ps 137). Hierdie gemeenskap kom te staan teenoor die mag en gesag van die Babiloniese gemeenskap. Brueggemann beweer dat as die kerk haarself sò sien – ook vandag – dan is die kerk eintlik altyd in ballingskap (vgl die vreemdelingskap-gedagte by Petrus), dan is die Kerk in staat om teenoor die mag en gesag van die gemeenskap energie te genereer vir 'n verbeeldingryke en Bybelgetroue lewe.
- *Ten tweede*: die tuiskoms. Jes 40:1-11 stel hierdie huistoegaan voor as 'n groot optog wat deur Jahwe gelei word terwyl die Joodse ballinge op pad is huis toe. Daar sal sang en feesvieringe wees met die tuiskoms, maar ook harde werk sodat heropbou kan plaasvind.

Hierdie twee baie kragtige metafore waarmee Deutero-Jesaja werk is 'n stuk evangeliese verbeelding. Maar dan: die tuiskomsmetafoor maak net sin as die ballingskapmetafoor aanvaar word as die waarheid. Dan word Deutero-Jesaja se poësie van die tuiskoms 'n stuk verbeeldingryke poësie wat vrymaak en hoop bring. Dit word 'n verbeeldingryke toespraak wat van plan is om 'n ander realiteit na vore te roep en hierdie gemeenskap uit hulle huidige situasie uit te lei.

Dit was die unieke roeping van Deutero-Jesaja om poëtiese *scenarios* te konstrueer van alternatiewe realiteite teenoor die een prosaïese realiteit van 'n magsbehepte

despoot. Hierdie vars, nuwe alternatiewe realiteite het die Joodse ballinge vrygemaak om anders te dink, anders te handel, anders te praat en selfs anders te sing: om hoop te bring in 'n hoop-lose toestand. Ons kan reeds nou op grond van dit wat ons hierbo gestel het, die sprong maak van verbeelding na hoop.

## 3. BRUEGGEMANN SE HANTERING VAN DIE TEMA VAN HOOP VANUIT 'N OU-TESTAMENTIESE PERSPEKTIEF

### 3.1 Jeremia as eerste voorbeeld

Brueggemann (1986: 29) teken Jeremia as 'n digter van hoop, en bespreek die vier werkwoorde in Jeremia 1:10: "Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koninkryke om af te breek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig. "Jeremia moes die volk help om hulle valse persepsie dat die wêreld nie deur God verwoes sou word nie, agter te laat. So: die grootste deel van sy profetiese taak was voor 587 vC en dit het bestaan uit afbreek, uitroei, vernietig en platslaan.

Maar Jeremia het sy volle roeping onthou naamlik dat daar ook in vers 10 iets staan van bou en vestig. Uit daardie opdrag van Jeremia kom die hoop. Hy was in staat om 'n ware woord van hoop te spreek op 'n tydstip toe daar niks was nie. Die digter/profeet het die gawe ontvang om oor nuutheid te praat te midde van niksheid. Om hoop te bring waar daar slegs hoop-loosheid was. Brueggemann (1986:50 e v) hou egter vir Esegiël aan ons voor as diè profeet van die hoop.

### 3.2 Esegiël

Esegiël is 'n profeet wat optree tydens die ballingskap. Hierin speel Esegiël 33: 21-22 'n belangrike rol: "Die Here het my in staat gestel om weer te praat ... ek was nie meer stom nie ...." Interessant die gedagte van stomheid as die spilpunt van die Esegiëlboek, volgens Brueggemann. Die geregtigheid wat God van Juda verwag het, is geïgnoreer, die heiligheid van God is aangetas: Juda het daarmee die spot gedryf. Esegiël se vrou en die heilige stad het in die proses gesterf, want Juda was nie bereid om die prys te betaal nie.

Die profeet het nou hierdie verlies geïnternaliseer. Hy is verbied om te praat. Hy dra die verlies van sy vrou en die stad in stilte. In die sterwensproses is die profeet stom.

Wanneer 'n ontsnapte boodskapper uit Jerusalem berig bring dat die stad geval het, praat die profeet weer. Eerlike erkenning van verlies veroorsaak nie bewegingloosheid nie, dit bring juis die spraak en die herstel van lewe terug. Juis omdat hy 'n periode van pynlike onderdanigheid aan die Here deurgemaak het, is die profeet nou voorbereid om met 'n nuwe, positiewe, kreatiewe vasberadenheid te praat. En nou kan hy oor die hoop praat, 'n kragtige hoop wat moontlik gemaak is deur onderdanigheid, stomheid en verlies.

Esegiël as profeet van die ou tradisie, praat nou oor nuwe moontlikhede. Uit die ruïnes van die ou tradisie word 'n nuwe lied van hoop gebore. In die kragtige taal van die bekende hoofstukke 34-37 en 40-48 praat Esegiël van 'n nuwe toekoms wat God gaan gee, nieteenstaande die ruïnes van Jerusalem. Die kragtigste metafoor in diè verband is hoofstuk 37 se droë bene en die opstanding van die liggame.

Die merkwaardige is dat dit juis dié profeet is wat in die verlede so baie woorde van oordeel en ballingskap op die volk laat neerreën het, wat nou so kragtig en konkreet kan praat oor hoop. Maar dan, die *Sitz-im-Leben*, die raam het verander. Die tuiskoms word nie aangebied op die basis van 'n politieke analise nie. Inteendeel, as dit die geval sou wees, sou daar heelwaarskynlik geen terugkeer gewees het nie. Nee, die motivering is 'n teologiese, nie 'n staatkundig-politieke, motivering nie. Dit is die wind/Gees van God wat 'n nuwe toekoms bewerkstellig en hoop gee. Daardie wind/Gees is buite die bereik van enige staatsbestel om dit te keer as dit begin waai/werk!

'n Nog dieper motivering vir hoop wat Esegiël aanbied, is die heiligheid van God. Die kernteks hier, volgens Brueggemann (1986:79-85), is hoofstuk 36:22-32. Die teks bestaan uit drie konsentriese sirkels. In die middelste konsentriese sirkel is die nuwe moontlikheid vir Israel om God se vennoot te wees (vv 24-30). In die volgende sirkel is die diskwalifisering van Israel weens sonde. Israel kon niks nuttig te voorskyn bring vir die toekoms saam met God nie (v 23 & 31). Aan die buitekant van die teks, die buitenste sirkel, is die gewigtige realiteit van God se selfbesorgdheid (v 22, 23a & 32). Die teologiese swaartepunt van die teks lê daarin dat die binneste sirkel gemoeid is met hoop

vir Israel (nuwe hart en ’n nuwe lewe). In die buitenste sirkel lê die krag van God se heiligheid opgesluit.

Die vraag is nou hoe God se heiligheid en Israel se hoop mekaar raak te midde van die middelste sirkel wat te make het met die diskwalifisering van Israel weens die sonde? Die profeet was ’n kenner op die gebied van Israel se sonde. Deur 24 hoofstukke het hy dit beredemeer en aangetoon. Die eerste gevolgtrekking is dat daar geen fondament te vind is vir hoop in Israel nie. As daar enige hoop vir Israel is, dan moet dit by God gesoek word. Die tweede gevolgtrekking is dat dit alleen God se vrye, ongebonde en matelose heiligheid is wat, as ’n byproduk, hoop vir Israel inhou vir die toekoms.

Hierdie moontlikheid van ’n nuwe toekoms word aan Israel gegee, omdat God geen alternatief gehad het om sy eerbare Naam in ere te herstel nie. So word dit onder andere in Eseg 36:22-23 en 32 gestel “Dit is nie ter wille van julle … maar ter wille van my heilige Naam … Ek sal die heiligheid van my groot Naam laat blyk wat onder die nasies in oneer gekom het … dat Ek die dinge nie ter wille van julle doen nie ....”

Israel is in ballingskap. Hulle is vernietig en dit is alles hulle eie skuld. Maar nou begin die vernuwing: ’n nuwe herder word aangekondig, ’n nuwe Gees tussen die droë bene, ’n nuwe vredesverbond, ’n nuwe terugkeer na die beloofde land. ’n Ondervinding van ’n nuwe moontlikheid word vir Israel aangebied. Israel mag begin hoop, maar Israel kon ook onder mekaar begin praat oor hoe God se toekoms sou lyk en op watter fondament God se beloftes sou berus en vrug dra.

Sommige van die Israeliete het hulle egter begin verbeel dat God iets waardevols in Israel gevind het en daarom hulle nog ’n kans gegee het. So het ’n misverstand oor hulleself en oor God begin posvat. ’n Stuk narsisme het begin groei, totdat hulle hulle begin verbeel het dat God ter wille van Israel bestaan. Daarom kry ons in Eseg 36:24-28 al die opgestapelde “Ek” voornaamwoorde wat verwys na alles wat Jahwe sal doen: “Ek sal julle wegvat tussen die nasies”, “Ek sal julle bymekaar-maak,” “Ek sal julle na die land toe bring,” “Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi,” “Ek sal julle ’n nuwe hart gee,” “Ek sal die hart van klip uithaal,” “Ek sal my Gees in julle sit, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees.” Jahwe sê onomwonde: “Nie ter wille van julle nie, maar

ter wille van my heilige Naam doen Ek dit." Die hoop wat dit inhou is vir Israel 'n byproduk.

Om die gedeelte oor verbeelding en hoop af te sluit: "Imagination is not a freelance, ad-hoc operation that spins out novelty. Imagination, of the kind we are speaking, is a fresh, liberated return to the memory" (1986:102).

### 3.3 Brueggemann haak hier aan by Deutero-Jesaja

Wanneer Deutero-Jesaja terugkeer na die verlede, dan lees hy die tradisie vir sy eie tyd. Die situasie verskil egter, daarom gaan die antisiperende afloop van die tradisie ook verskil. Sò lees Deutero-Jesaja die tradisie as 'n nuwe gawe. Hy beskou die verlede nie as 'n afgeslote rekord nie, nee die verlede is 'n krag wat nog steeds in die hede en vir die toekoms sy gawes bied:

- Abraham en Sara (51:2-3) word 'n verwysingspunt tot troos vir die Joodse ballinge sodat hulle hoop koester;
- Onvrugbare Sara (54:1-3) word die vrugbare moeder van 'n heel nuwe gemeenskap. Haar kinders, soos diè van die outydse vroedvroue (Ex 1:15-22) sal die kinders van die ryk in getalle oortref;
- Noag (54:9-11) word die modelfiguur vir die aankondiging van die verbondsliefde en trou, want die ballingskap is soos 'n chaotiese vloed, maar dit gaan ook eindig in vrede en harmonie;
- Dawid (55:3) word die wortel van 'n nuwe verbond wat gesluit word met die hele gemeenskap. Soos Dawid uit hierdie belofte gelewe het, só kan die hele volk nou daaruit leef.

Om in die verlede sulke krag vir die hede en vir die toekoms te vind vra sensitiwiteit en identiteit oor geslagte heen. So genereer verbeelding hoop vir die toekoms!

# 4. DIE BENUTTING VAN BRUEGGEMANN SE GEDAGTES OOR VERBEELDING EN HOOP VIR DIE PASTORALE TERAPIE

## 4.1 Die verhalende pastoraat

Die Israeliete sit in Egipte met 'n doodgeloopte toekomsverhaal, 'n noodverhaal van ellende op ellende (Müller 1996:115 e v). Moses word deur God geroep om aan die Israeliete 'n nuwe visie voor te hou, om vir hulle 'n gerekonstrueerde verledeverhaal, 'n alternatiewe toekomsverhaal (Müller 1996:133 e v) daar te stel, sodat hulle kan begin droom van 'n nuwe gemeenskap. Detail is nie nou ter sake nie, die droom, die verbeelding is nou die belangrikste. Sò word 'n klomp energie gegenereer binne die volk om te trek toe die tyd gekom het.

By Deutero-Jesaja en die ballingskap kry ons presies dieselfde situasie. Die volk sit in 'n vreemde land, tussen vreemde mense, binne 'n vreemde kultuur. En dan skets Jesaja vir hulle die huistoegaan as 'n groot optog wat deur Jahwe gelei word. Hulle is nog in Babilonië, maar hulle moet begin droom oor huistoegaan – daar sal sang en feesvieringe wees, maar ook harde werk, want die land moet opgebou word. 'n Verduisterde toekomsverhaal word positief geherstruktureer, want die raam, die *Sitz-im-Leben* het verander (vgl par 3.2) (Müller 1996:117 e v).

In hierdie verhalende benadering speel die verlede natuurlik 'n groot rol. "Die herinneringe aan die verlede en daarom die interpretasie van die verlede verskaf die materiaal waarmee die toekomsstorie gebou word" (Müller 1996:111). Die gebeure rondom Abraham, Sara, Noag en Dawid word deur Deutero-Jesaja nie net aan die vergetelheid ontruk nie, maar dit word positief geïnterpreteer, sodat die volk uit die verlede kan krag kry vir die hede en kan begin droom oor die toekoms.

## 4.2 Taal en metafore

Met betrekking tot die uittoggeskiedenis verwys Brueggemann (vgl par 2.1) na die lofprysingslied in Eks 15. Die lied, die gedig en die poësie speel volgens Brueggemann (1986:103ev) 'n belangrike rol in die Ou Testamentiese profesië. Hy kontrasteer die varsheid en nuutheid van die digterlike taal van die doksologie van Eks 15 met die

steriele taal van die prosaïese despoot-koning (Farao) wat net belangstel om die status quo te handhaaf. Die verbeelde toekoms kan soveel beter na vore geroep word in die beeldryke taal van die poësie (vgl Freedman se opmerking, par 2.1).

As Esegiël, as profeet van die ou tradisie tydens die ballingskap, moet begin praat oor die nuwe toekoms, dan begin hy ’n nuwe lied sing. Hy weet nie hoe om dit anders uit te druk as deur middel van beelde nie: droë bene in ’n droë laagte wat weer vleis en senings aankry en opstaan en begin lewe.

Slegs die taal van die poësie en die metafoor kan uit die ruïnes van die ou tradisie ’n nuwe lied komponeer om die verbeelding en die hoop te verwoord. “Metafore is draers van betekenis. Dit funksioneer om uitdrukking te gee aan menslike ervarings wat op geen ander manier uitgedruk kan word nie. Dit sê meer as dit wat letterlik gesê sou kon word” (Müller en Maritz 1998:64).

Volgens Brueggemann (1981:50) was dit by uitstek die profeet se taak om metafories te praat, sodat: “the expression can be touched at many points by different people”. Die metafoor moet egter aansluit by die feitelike situasie naamlik dat die dood soos ’n roofvoël oor ons sweef. Dit is die taak van die profeet om met die metafoor die werklikheid, nie toe te smeer, nie af te water, nie net ’n salfie op te sit sodat die diepliggende wond net verder kan septies raak nie. Nee, dit is die taak van die profeet om met die metafoor as ontleedmes tot op die been te sny, sodat daar genesing kan kom.

In ’n ander konteks haal Gerkin (1991:70) vir Brueggemann aan wat sê dat dit die profeet se taak is om in spanning met die tradisie te leef. Hy is inderdaad gevorm deur die tradisie, maar hierdie in-spanning-leef met die tradisie, maak dat hy vry is om te praat soos wat hy moet praat, in verbeeldingryke en hoopvolle taal. En dit is waar die metafoor inkom om te sny “through the numbness, to penetrate the self-deception” (1981:49). Hierdie stomheid/doodsheid van die volk wat deur die koning se status quo-politiek in stand gehou word, moet deur die profetiese bediening van die verbeelding as’t ware wakker geskud word. Brueggemann sê dat dit die roeping is van die profetiese bediening om die volk te bring by daardie punt dat hulle hulle ervaring van lyding in verband kan bring met die dood (vgl par 2.1 en 2.2).

### 4.3 Lyding

Om hierdie doodsheid/stomheid en selfmisleiding in verband met die dood en lyding te deursny, moet die profeet *simbole* uit die verlede aanbied om die afgryslike gebeure as't ware te neutraliseer. As die vrese en angste met betrekking tot die lyding verdring is, help mooi retoriek nie. Dan moet die taal van die metafoor ingespan word (vgl par 2.2 en 4.2).

> Die verlede kan alleen aan die hand van kategorieë geïnterpreteer word – 'n horison of tradisie wat jou help om die verlede betenisvol te interpreteer. Dit is hierdie horison wat die simbole, mites en ander kategorieë vir interpretasie verskaf. Elke mens bevind hom/haarself in 'n tradisie wat alreeds in 'n meervoudige proses van interpretasie betrokke is.
>
> (Müller 1996:121)

Dit is interessant hoedat Brueggemann (1981:51) in diè verband die roepingsgeskiedenis van Jesaja in Jes 6 interpreteer as "language of grief". Die profeet gebruik hier die taal van die rouklag en 'n simboliese sterftoneel om vir die volk dit aan die verstand te bring dat hulle moet rou oor 'n begrafnis wat hulle nie wou erken nie. Ook Jeremia se getuienis as 'n verhaal van rou is hier ter sprake (vgl par 2.3). Dit onderstreep net weer die gedagtes van Kübler-Ross, soos opgesom deur Balswick & Balswick (1997:250 e v), dat rousmart en lyding nie verdring moet word nie, maar deurgewerk moet word en daarin speel simboliek en rites 'n baie belangrike rol.

Die gedagte van Brueggemann dat rousmart ook 'n openbare aangeleentheid is, is baie belangrik, veral omdat ons vandag in Suid-Afrika in so 'n geweldadige samelewing woon. 'n Motorkaping wat op 'n moord uitloop, is nie net 'n persoonlike – of gesinsaangeleentheid nie, maar dit raak die hele gemeenskap en gemeente. Daarom sal ons weer waardering moet kry vir die rituele rondom die begrafnis en nog meer kreatief moet wees om gemeentelede te help om rousmart, veral tydens traumasituasies, te verwerk.

Wat Esegiël aanbetref het ons reeds gewys op die feit dat hy stom geword het, terwyl Jerusalem besig is om verwoes te word en boonop het hy ook nog sy vrou verloor.

Maar toe die stad verwoes is en die nuus bereik vir Esegiël en die verlies word aanvaar en erken, begin hy skielik weer praat (vgl par 3.2). Brueggemann (1986:65) sê dit is ’n interessante manier om aan depressie te dink: geïnternaliseerde verlies veroorsaak depressie. ’n Eerlike erkenning van en as ’t ware ’n omhelsing van die verlies, bring weer spraak, en nie net sommer gewone spraak nie. Daar word nou op ’n nuwe, positiewe, kreatiewe manier met vasberadenheid gepraat. Dit is nuwe woorde, woorde van hoop, woorde wat herstel van lewe bring.

## Literatuurverwysings

Balswick, J O & Balswick, J K 1997. *Families in pain: Working through the hurts.* Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Gemann, W 1981. *The prophetic imagination*. Philadelphia: Fortress Press.

Brueggemann, W 1986. *Hopeful imagination: Prophetic voices in exile*. Philadelphia: Fortress Press.

Brueggemann, W 1993. *The Bible and postmodern imagination: Texts under negotiation.* London: SCM Press Ltd.

Gerkin, C V 1991. *Prophetic pastoral practice: A Christian vision of life together.* Nashville: Abingdon Press.

Müller, J C 1996. *Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie*. Pretoria: RGN.

Müller, J C & Maritz, B 1998. Die waarde van metafore binne die hermeneuties pastorale sisteem. *PTSA* 13(1): 64-71.